Hoe kan ek volhard?

Uit die dodesel skryf 'n man, nugter en vol blymoedigheid. Hy het volhard tot die laaste toe (2 Timoteus 4:7, 8). Hy het die goeie stryd gestry, die wedloop voleindig en die geloof behou.

Hy het baie swaar gekry. Hy is met klippe half dood gegooi, verskriklik geslaan, telkens onskuldig in die tronk gegooi, doodsangs op die stormsee beleef. Selfs nou as hy die dood in die oë kyk, is hy 'n oorwinnaar.

Wat is die geheim om so te kan volhard? Wat is die sleutel tot Paulus se sukses? Hoe kan hy so deur een krisis na die ander vorentoe beur en uiteindelik by sy bestemming uitkom?

'n Man wat weet, sê ons hoe. Die Heilige Gees lei hom om ons te begelei:

Paulus leer die jeugdige Timoteus: Bly in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is. Timoteus se opvoeding was op die Bybel gebou. Hy het amper van sy kleintyd af die Bybel aan moedersknie leer ken. Paulus leer aan Timoteus dit: Hou aan om intieme omgang met jou Bybel te hê.

Dit was Paulus se geheim om so te kan volhard: intieme kennis van die Bybel. Daaglikse gebruik en oordenking van die Woord.

Paulus waarsku Timoteus teen die geweldige verslegting wat sal intree, teen die tydgees wat die mense sal oorweldig (2 Timoteus 3:1-5).

In die besoedelde lug van die tydsgees kan jy en ek nie asem kry nie. Maar die hele Bybel, elke onderdeeltjie, is deur God ingegee. Letterlik sê Paulus: Die Bybel is deur God ingeblaas. Om die tydgees te kan weerstaan, moet ons lewe van die asem wat God in ons neus inblaas. Die vars lug van die Bybel kan ons longe weer skoonmaak.

Want die Heilige Gees werk deur die Bybel. As God met jou besig is, werk Hy deur sy Woord en Gees.

Dit is die sleutel tot volharding: gemeenskap met die Woord (met 'n hoofletter), Jesus Christus, gemeenskap met die Heilige Gees.

Teenoor die tydsgees staan die Heilige Gees. In plaas daarvan om jou longe met die tydsgees vol te trek, moet ons met die Heilige Gees vervul word. Prakties werk dit so: wie vol is van God se Woord, sal met die Heilige Gees vervul wees.

Hoe meer jy die Woord inneem, en aanneem en omgang met jou Bybel het, hoe sekerder is jy dat jy sal staan tot jy jou asem hier op aarde moet uitblaas.

Die Dordtse Leerreëls sê dit so duidelik (5.14):

> *"God bewaar, kontinueer en voleindig die volharding deur die aanhoor, die lees en die oordenking van die evangelie en deur vermaninge, dreigemente en beloftes in die evangelie".*

Die Woord en Gees rus die mens vir sy lewensdoel toe. Deur gereelde Bybelstudie word jy bruikbaar, raak jy Beskik om God te dien, word jy toegerus (2 Timoteus 3:17).

Teenoor die totale aanslag op die mens, staan die mens wat volkome toegerus is. Hy kan volhard.

Paulus se lewensgeheim wat hom self deur die dodesel se neerdrukkende bedompigheid dra, is Skrifstudie.

Wil jy volhard tot die einde?

Nou dan moet jy volkome toegerus kom. Dis nie speletjies om te bly staan nie. Daarom sal ons met hernude erns ons Bybel moet bestudeer.

Jongmens, leef by jou Bybel. Bestudeer, bepeins en bespreek die Woord.

Dan kan ons krisisse deurstaan, op die pad van heiligmaking vorder, versoeking weerstaan. Die Bybel bring al die smaak van oorwinning op die tong.

Want ek asem die vol teue van die krag van God se Gees in.

B de Klerk

© 2011
www.christelikebiblioteek.co.za